Oorbruggingsprogram

DOEL VAN DIE PROGRAM

Die Sol-Tech-oorbruggingsprogram is uniek aan Sol-Tech en word aangebied om individue wat nie aan die voorgeskrewe toelatingsvereistes vir ambagskwalifikasies voldoen nie, die nodige relevante kursusse te laat deurloop sodat hulle toegang tot tegniese opleiding kan bekom.

Hierdie program word deur middel van voltydse kontak-opleiding aangebied vir studente wat reeds hul skolastiese kwalifikasies voltooi het en die Sol-Tech-keuring geslaag het, maar dit word ook via 'n afstandsonderrigmodel met geskeduleerde kontaksessies aangebied aan skoliere wat tydens hul sekondêre skoolfase die nodige tegniese onderbou wil bekom ten einde toegang tot tegniese beroepskwalifikasies te verkry.

In hierdie geval word die suksesvolle voltooiing van die oorbruggingsprogram, soos by verskeie openbare en privaat tersiêre instellings, gebruik as aanduiding van die voornemende student se vermoë om die tegniese en /of beroepskwalifikasies wat deur Sol-Tech aangebied word, suksesvol te kan voltooi.

Die vereiste om die program suksesvol te voltooi, is dat die student al die nodige voorgeskrewe vakke met 'n punt van ten minste 50% moet slaag. Die oorbruggingsprogram mag in die toekoms uitgebrei word om aan voorskrifte vir minimum vereistes vir toelating tot tegniese beroepskwalifikasies deur die Gehaltebeheerliggaam (QCTO en die Departement van Hoër Onderwys) te voldoen. Individue wat die oorbruggingsprogram deur afstandsonderrig voltooi, sal dan dus sonder addisionele keuring tot tegniese beroepskwalifikasies toegelaat word.

WAT SAL DIE STUDENTE LEER?

Die studente leer die basiese beginsels van spesifieke voorgeskrewe vakke ten einde die relevante vakke soos **Wiskunde, Wetenskap, Ingenieursgrafika en -ontwerp**, en ambagspesifieke tegniese vakke te kan hanteer met die nodige relevante onderbou in verdere studies.

KONTAK ONS

Adres: Maliestraat 1662, Kirkney, Pretoria, 0181
Tel: 0861 999 88 0
E-pos: navrae@sol-tech.co.za
Web: www.sol-tech.co.za

Sol-Tech
Beroepsopleiding Kollege

Oorbrugging deur afstandsonderrig

Inligtingstuk 2019

Deel van die Solidariteit Beweging

WIE IS SOL-TECH?

Sol-Tech is 'n geakkrediteerde, privaat kollege vir beroepsopleiding wat op Christelike waardes gefundeer is en Afrikaans as onderrigmedium gebruik.

Sol-Tech fokus op beroepsopleiding wat tot die verwerwing van nasionaal-erkende, bruikbare kwalifikasies lei. Die kwalifikasie wat studente by Sol-Tech verwerf, dien as fondasie om verder te studeer en uiteindelik 'n erkende ingenieurs of beroepskwalifikasie te verwerf. Sol-Tech het dus ten doel om jongmense se toekomsdrome met betrekking tot loopbaanontwikkeling deur doelspesifieke opleiding te verwesenlik. Sol-Tech wil vandag, môre en oormore steeds daar wees om 'n diens aan jongmense te lewer.

SOL-TECH SORG VIR 'N VOORSPRONG!

Sol-Tech se studente is indiens-neembaar aangesien hulle deeglik in nuwe kennis en vaardighede opgelei is. Sol-Tech se goed opgeleide studente dra verder by om die tekort aan goed gekwalifiseerde ambags- en beroepslui te vul. Die kollege lei jaarliks 'n groot aantal vakleerlinge vir verskeie industrieë op. Sol-Tech se slaagsyfer in die finale ambagstoets is tans 96%.

Buiten gehalte-opleiding, is die persoonlike ontwikkeling van studente vir Sol-Tech ook 'n prioriteit, daarom word eerstejaarskampe, wat op persoonlike en leierskapontwikkeling gerig is, vir studente aangebied. Die kollege het 'n formele studenteraad wat 'n belangrike kommunikasierol tussen lektore en studente vervul. Die studenteraad organiseer ook sosiale geleenthede vir studente.

VISIE & MISSIE

Visie:

- Om die voorkeur kollege vir beroepsopleiding in Suid-Afrika te wees.

Missie:

- Ons verwesenlik drome deur opleiding.
- Sol-Tech is 'n Afrikaanse kollege vir beroepsopleiding wat deur die Solidariteit Beweging tot stand gebring is. Sol-Tech huldig Christelike waardes en word volgens gesonde sakebeginsels en beginsels van korporatiewe regering bestuur.
- Sol-Tech maak jongmense indiensneembaar deur hulle in kritieke en skaars vaardighede op te lei.
- Sol-Tech streef na uitnemendheid.
- Sol-Tech is 'n inklusiewe, eg Suid-Afrikaanse opleidingsinstelling met Afrikaans as voertaal. Sol-Tech help mense vanuit alle sfere en ouderdomsgroepe en gee voorkeur aan Solidariteit-lede en hulle gesinne.
- Ons lei op in jou belang.

OPLEIDINGSMODEL

Institusionele opleiding geskied aaneenlopend oor drie fases (teoretiese opleiding, praktiese werkswinkel-opleiding en indiensopleiding by 'n goedgekeurde werkgewer) wat deur vaktoetsvoorbereiding en dan deur die finale kwalifiserende toets by 'n geakkrediteerde toetssentrum gevolg word. Die opleiding geskied net op 'n voltydse basis en studente is verplig om elke dag al die lesings en opleiding-sessies by te woon. Alle opleiding en indiensopleiding word in 'n logboek aangeteken om te verseker dat elke fase van die opleiding volledig gedek word.



OPLEIDINGSGELEENTHEDE

Sol-Tech streef daarna om 'n oplossing vir die uitdagings van die arbeidsmark te bied. Ons leerprogramme is op die amptelike lys van skaars vaardighede asook industriële behoeftes gebaseer en wil sodoende verseker dat studente 'n volhoubare kwalifikasie verwerf.

Formele opleiding in die onderstaande studierigtings word in goed toegeruste werkswinkels aangebied. Alle studierigtings deurloop uitgebreide opleiding met betrekking tot handvaardighede (meet, merk, saag, vyl, boor en tap van ysterhoudende en nie-ysterhoudende metale) en sweis.

Studierigtings wat aangebied word, sluit in:

- Dieselwerktuigkundige
- Elektrisiën
- Gereedskapmaker
- Meulmaker
- Passer en draaier
- Sweiser
- Trekkerwerktuigkundige

TOELATINGSVEREISTES TOT OORBRUGGINGSPROGRAM DEUR AFSTANDSONDERRIG

- Student doen aansoek op webblad met ID en hoogste kwalifikasie. (Die student moet in graad 11 of graad 12 wees by 'n deelnemende skool waar die program aangebied word.)
- Die student moet verkieslik toegang hê tot 'n e-posadres, internet en telefoon.
- Die student woon die nodige registrasiedag by die skool by en ontvang volledige oriëntasie oor die program sowel as alle program-materiaal.

Volledige verduideliking van toelatings-vereistes kan by die volgende skakel besigtig word: https://sol-tech.co.za/inligting/toelatingsvereistes/

Gee jou *toekoms* 'n blink kans

Sol-Tech
Beroepsopleiding Kollege

	Oorbrugging
Innamedatums	Skakel asseblief met die programkoördineerder vir innamedatums
Tydperk	Opleiding geskied aaneenlopend oor 'n tydperk van 24 weke per inname
Toelatingsvereistes	Minimum graad 10-sertifikaat
Registrasiekoste*	R350 vir registrasie + R3 000 as sitplekfooi = R3 350 (nie terugbetaalbaar nie)
Koste van fase*	Verwys na finansies vir finansiële inligting
Verpligte vakke (huidige model)**	Wiskunde N0 Ingenieurswetenskap N0 Ingenieurstekene en Tegnologie N0
Toerusting benodig	Ingenieurstekene-vak: Lys van benodighede beskikbaar by: https://sol-tech.co.za/tekengereedskap Alle ander vakke: Pen, potlood, notaboeke, 3 x individuele vaklêers

Deel van die Solidariteit Beweging

**Kursuskoste is onderworpe aan verandering sonder vooraf kennisgewing en word jaarliks verhoog*
***QCTO-implementering sal vakveranderings tot gevolg hê*

Tel: 0861 999 88 0 | E-pos: navrae@sol-tech.co.za | Web: www.sol-tech.co.za